# KLIPKERK LICHTENBURG

## *Wêreldfokus Nuusbrief*

**Maart 2024**



*'n Jaar van Geleenthede*

# *Sending in 'n Markus 13 Seisoen*

## Mike Burnard



As die Here iets buitengewoons wil doen, dan skep Hy buitengewone omstandighede.

In 2020 tref 'n verwoestende ontploffing in die hawe van Beirut nie net die omliggende buurt nie, die effek kring uit na mense en geboue baie kilometers ver. Op my navraag net na die ontploffing was die eerste woorde van die Pastor in Beirut:

*"My Brother, this is our time, this is our time."*

Met alles wat tans in ons land en die wêreld gebeur, is hierdie die tyd vir die Kerk om te beweeg, om verligting te bring, om vertroosting te bring. Dit is ons tyd.

Broers en Susters, die Kerk bestaan vir 'n tyd soos vandag. Ons het intense uitdagings, maar ons het unieke geleenthede. As die Kerk in Suid-Afrika hoop verloor, is daar nie meer hoop nie.

Jesus gee die bloudruk vir die Kerk hoe om in tye soos hierdie te lewe (Markus 13). Hoe om in tye soos hierdie in Suid-Afrika, waarlik Kerk te wees.




Dit wat ons partykeer as beperking sien, is juis die geleenthede om die Evangelie te verkondig.

Buitengewone omstandighede is buitengewone geleenthede.

U en ek bestaan vir 'n tyd soos nou. Gaan, en wees die antwoord vir 'n stukkende wêreld.

***Luister na Mike Burnard se volledige boodskap tydens Wêreldfokus 2024:***

***https://www.youtube.com/watch?v=Xdbcmj3KCfI***

# *Jy kan!*

## Jacques van der Merwe






Jacques het tydens Wêreldfokus 2024 met die kinders en tieners gedeel.




***Volg Jacques op verskillende sending uitreike:***

***[https://www.youtube.com/@JackHartland](https://www.youtube.com/@JackHartland)***



# *Die Vyfde Koninkryk*

**Gerard Olivier**

Alhoewel Daniël 2 oor ’n droom gaan, ’n beeld gaan, hoewel dit oor vier koninkryke gaan, het die Here hier ’n dubbele betekenis aan hierdie beeld. Hy het vir koning Nebukadneser gewys wat kom na hom, maar Hy wys ook hier hoe dit waar is van die hele geskiedenis van die mensdom.

Wat leer ons uit hierdie beeld? Al die koninkryke in die wêreld en deur alle eeue is van verbygaande aard. Dit het nog altyd verbygegaan, dit sal verbygaan. Dit is regressief – dit raak al hoe slegter. Goddeloosheid op goddeloosheid, dit sneeubal. Inherent onstabiel,

Die vers wat die hele geskiedenis bepaal, wat jou hele lewe bepaal en wat jou hele lewensuitkyk moet bepaal is Daniël 2:28 … *“Maar daar is ’n God in die hemel.”*

Al voel jy miskien jy het aan die einde van die pad gekom, al sien jy geen uitweg nie, al kyk jy na die wêreldtoneel en dit ontstel jou. Wat ookal gebeur, skryf oor jou lewe: ….. “Maar daar is ’n God in die hemel!” Dit is SY geskiedenis.

Wat is die boodskap van hierdie droom? Wat doen hierdie God in die hemel?

Daar kom ’n rots (vers 45)… Maar daar is ’n God in die hemel, Nebukadneser, daarom kom daar ’n Rots. ’n Koninkryk wat vir ewig sal wees en die beeld sal vernietig.

Met Christus se koms vestig Hy ’n Koninkryk wat nooit sal verbygaan nie, ’n onwankelbare, ewige vaste Koninkryk. (Jes 28:16; Matt 21:42,44).

God, deur Jesus Christus en Sy koninkryk, vernietig Hy die ander koninkryke, en nie met geweld nie, maar met bekering. Hierdie Rots het groot geword en die hele aarde bedek (vers 35). Dit het begin met die uitstorting van die Heilige Gees. En so gebeur dit dat ons wat die genade van die Here ontvang het en Jesus die Rots in ons lewens geword het, ons oor die grense begin spoel het na ander mense en die Evangelie gebring het na hulle wat in duisternis leef.

En Jesus het gesê: Op hierdie rots sal Ek my Kerk bou en die hekke van die doderyk sal dit nie keer nie.

Die Koninkryk van God het gekom en is besig om te kom en die Koning is weer aan die kom.

***Luister na Dr Gerard Olivier se boodskap tydens Wêreldfokus 2024:***

***[https://www.youtube.com/watch?v=yMYWVjOk-vM](https://www.youtube.com/watch?v=yMYWVjOk-vM)***

**WÊRELDFOKUS 3 Maart 2024**